




BLOM

Dutoit Waardes

Konsekwentheid kweek vertroue.

values@dutoit.com



Beste Dutoit-kollegas,

Die Uitvoerende Bestuur bevestig hiermee met trots dat hierdie jaar ons Waardes-Jaar is – 'n jaar waarin ons doelbewus gaan bou aan die hart van wie ons is en hoe ons saam werk. Hierdie reis sluit elke werknemer in.

Ons waardes is nie net woorde nie – dit is ons manier van dinge doen, dag vir dag, oes vir oes. Ons visie is: ***Dié voorkeur Suid-Afrikaanse produsent en verspreider van topklas gehalte vrugte en groente vir ons kliënte wêreldwyd!***

Ons purpose bly ons anker:

Creating wellness one harvest at a time.



Die vier kernwaardes waarop ons kultuur gebou is, vorm die fondament van ons identiteit as organisasie:

- Betroubaarheid
- Lojaliteit
- Ordelikheid
- Menswaardigheid

Ons het vir die kommunikasie proses van waardes, waardes simbole geskep om die impak van waardes en begrip te verbeter.





Doelwitte

ONS VIER STRATEGIESE FOKUSPUNTE

- **Kliënte fokus:** Groei marktaandeel binne strategiese markgebiede.
- **Kwaliteit fokus:** Versnel konstante verbetering om topklas produkte te produseer.
- **Effektiwiteit fokus:** Dryf doelgerigte prosesse wat waarde optimaliseer.
- **Mense fokus:** Ontwikkel passievolle mense wat floreer binne 'n inspirerende kultuur.

Hoe waardes en gedrag 'n inspirerende kultuur vorm?

Waardes sê wie ons wil wees. Gedrag wys wie ons werklik is. Kultuur is hoe ons dinge hier doen.

Ons waardes dien as 'n kompas – dit wys rigting, maar dit neem ons nie vorentoe nie. Dit is eers wanneer waarskynlike gedrag konsekwent geleef word dat waardes sigbaar, meetbaar en betekenisvol word. Elke interaksie, besluit, gesprek, vergadering en proses dra by tot die kultuur wat ons bou. Wanneer gedrag belyn is, ervaar mense stabiliteit, veiligheid en trots. Dit skep 'n kultuur waarin mense mooi saamwerk, gemeenskap bou en groei ervaar.

Hoekom waardes 'n inspirerende kultuur vorm?

Mense beleef nie waardes op papier nie – hulle beleef gedrag. 'n Inspirasie-kultuur ontstaan wanneer werknemers op dieselfde manier optree en dieselfde waardes uitleef. Dit bring voorspelbaarheid en vertroue.

Wanneer ons 'n kultuur bewustelik skep (in plaas van dat dit toevallig ontwikkel), verbeter samewerking, konflik verminder, kommunikasie vloei makliker, en mense voel veilig om insette te lewer.

Hierdie waardes-jaar is 'n uitnodiging aan elke werknemer om doelbewus by te dra tot die tipe kultuur waarin mense trots werk, groei ervaar en deel voel van iets groter.

Wat is die rol van oortuigings ten opsigte van waardes?

Waardes is maatskappy-spesifiek en is oor die algemeen vasgestel, terwyl die oortuiging oor 'n waarde van persoon tot persoon kan verskil. Oortuigings oor 'n waarde dryf jou gedrag wat aan daardie waarde gekoppel is. Waardes is die filter waardeur jy alles doen. Dit is die filter waardeur jy dink, praat en optree. Daarom is sekere gedrag gekoppel aan 'n spesifieke waarde.

Elke persoon word groot met 'n ander oortuiging, betekenis of die uitleef van spesifieke waardes. Om hierdie rede moet ons verseker dat werknemers belyn word met die gedrag dat almal in die maatskappy die waarde kan ervaar in die manier hoe ons dinge doen.



Kwartaal 1:

BETROUBAARHEID


Tydens die eerste kwartaal van Januarie tot Maart gaan ons op Betroubaarheid fokus. Behalwe vir die Produksie eenhede wat eers ten volle in Mei hierop gaan begin fokus. Dutoit het die volgende as die belangrike boustene vir die waarde van Betroubaarheid bepaal:


1. Oortuiging 1: Eienaarskap
2. Oortuiging 2: Sekerheid
3. Oortuiging 3: Integriteit

Waarom Betroubaarheid ons kultuur versterk:

Wanneer betroubaarheid konsekwent uitgeleef word, versterk dit elke aspek van ons kultuur. Vertroue word die norm, nie die uitsondering nie. Kommunikasie vloei makliker, samewerking verbeter, en produktiwiteit styg omdat mense kan fokus op hul werk sonder onnodige onsekerheid.

Betroubaarheid bou trots en vorm sterk verhoudings tussen mense. Dit is die tipe gedrag wat Dutoit Agri onderskei en ons langtermyn-sukses dra.





Uitvoerende Bestuur

UITNODIGING

Ons nooi hiermee elke werknemer uit om deel te neem aan hierdie betekenisvolle reis. Die waardes fokus gaan uitgerol word op alle vlakke in die maatskappy en in alle afdelings. Ons glo vas dat as ons ons “purpose” en ons waardes met oortuiging uiteleef, gaan 2026 ‘n jaar van persoonlike- en maatskappy groei, trots en welstand wees.

Daar is ook ‘n spesiale e-pos adres geskep vir die waardes fokus. Gebruik dit om enige kommentaar of persone vir wie jy graag erkenning wil gee aan ons te kommunikeer.

Die e-pos adres is: values@dutoit.com.

Laat ons dit die jaar maak waarin almal kan sê, by Dutoit leef ons ons waardes:

“Creating wellness one harvest at a time”.

Baie dankie, **DUTOIT**

